BEPALINGS EN VOORWAARDES KLEIN KAROO AGRI (EDMS) BPK LOJALITEITSPROGRAM
LEDE – BLOU KAARTE

ALGEMEEN

1.1 'n Persoon sal outomaties kwalifiseer en geregistreer wees om aan die Lojaliteitsprogram deel te neem, indien –

1.1.1 hy/sy 'n aandeelhouer van Klein Karoo (Edms) Bpk is en
1.1.2 hy/sy homself/haarself skriftelik verbind tot deelname aan die Lojaliteitsprogram.

1.2 'n Lid se deelname aan die Lojaliteitsprogram is onderhewig aan die bepalings en voorwaardes soos hierin uiteengesit.
1.3 Klein Karoo Agri (Edms) Bpk sal nie enige kostes en/of fooie aan lede hef ten opsigte van deelname aan die Lojaliteitsprogram nie.
1.4 Eerste kaarte word gratis oorhandig. Verlore/beskadigde kaarte kan teen 'n koste vervang word.
1.5 Deelnemende lede is verantwoordelik om korrekte persoonlike inligting aan Klein Karoo Agri (Edms) Bpk te voorsien en om Klein Karoo Agri (Edms) Bpk onmiddellik in kennis te stel indien enige van die inligting verander.
1.6 Die ooreenkoms word geïnterpreteer en uitgevoer in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse Wetgewing.
1.7 Indien daar vir 'n tydperk van 3 jaar geen transaksies gedoen word nie, sal die kaart as onaktief beskou en die opgehoopte saldo verbeur word.

KONTANTTERUGBETALING

2.1 GEWAARBORGDE KONTANTTERUGBETALING
Lede sal na aankope (BTW uitgesluit), kwalifiseer vir hierdie kontantterugbetaling wat as volg verdeel word per voorraadgroep:

Besproeiing	0.25%
Boerdery	0.25%
Brandstof	0.25%
Meganisasie	0.25%
Veevoer	0.25%
Vrugte	0.25%
Ander	1.00%

2.2 Fondse beskikbaar op die kaart kan nie aangewend word teen toekomstige aankope nie.
2.3 Fondse beskikbaar sal ter enige tyd besigtig kan word by 'n kiosk in een van die winkels of op Klein Karoo Agri (Edms) Bpk se webblad: https://www.kleinkarooagri.co.za.
2.4 AANVULLENDE KONTANTTERUGBETALING
Indien 'n lid se aankope (BTW uitgesluit) vanaf Klein Karoo Agri (Edms) Bpk meer as R25 000 (vyf en twintig duisend rand) in 'n finansiële boekjaar is, kwalifiseer die lid vir 'n aanvullende kontantterugbetaling vanuit direksiegoedgekeurde fondse. Die verdeling vind plaas in verhouding tot die lid se aankope vir die betrokke finansiële jaar.
2.5 Tydens die algemene jaarvergadering sal die gewaarborgde kontantterugbetaling sowel as die aanvullende kontantterugbetaling aan lede uitbetaal word, mits die lid se rekening met Klein Karoo Agri (Edms) Bpk binne terme is en die som van gewaarborgde en aanvullende kontantterugbetaling, R1 000 (een duisend rand) oorskry. Indien rekening nie binne terme is nie word gewaarborgde kontantterugbetaling teen rekening gekrediteer en aanvullende kontantterugbetaling verbeur. Indien die som van die gewaarborgde en aanvullende kontantterugbetaling nie R1 000 (een duisend rand) oorskry nie, word dit oorgedra na die volgende jaar.
2.6 Klein Karoo Agri (Edms) Bpk behou die reg voor om die Lojaliteitsprogram ter enige tyd te beëindig asook om die bepaling en voorwaardes te wysig.

ALGEMENE BEPERKING VAN AANSPREEKLIKHEID EN VRYWARING

3.1 Klein Karoo Agri (Edms) Bpk sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies, uitgawe, eis of skade (hetsy direkte, indirekte of gevolgskade), wat 'n lid ter enige tyd mag ly of opdoen as gevolg van of in verband met sy deelname aan die Lojaliteitsprogram nie en/of agv 'n verlore kaart nie.
3.2 Die kaart dien nie as identifikasie van die kaarthouer nie.
3.3 Aankope by Reinders Garage (Edms) Bpk kwalifiseer nie vir hierdie Lojaliteitsprogram nie.
3.4 Elke klousule van hierdie bepalings en voorwaardes staan apart van die res van hierdie bepalings en voorwaardes. Indien enige van hierdie bepalings en voorwaardes onwettig, ongeldig of onafdwingbaar is of word vir enige rede hoegenaamd, sal dit geag word nie by hierdie bepalings en voorwaardes ingesluit te wees nie, welke beteken dat-
3.4.1 die res van hierdie bepalings en voorwaardes nie onwettig, ongeldig of onafdwingbaar sal wees nie;
3.4.2 dit geen effek sal hê op die wettigheid, geldigheid of afdwingbaarheid van enige ander bepalings of voorwaardes nie.

AFSTERWE

4.1 Klein Karoo Agri moet in kennis gestel word wanneer die hoofkaarthouer tot sterwe kom.
4.2 Geen bonusse sal na die kaart gekrediteer word na datum van afsterwe nie.
4.3 Enige fondse beskikbaar op datum van afsterwe, sal aan die boedel van die oorledene beskikbaar gestel word.

BEëINDIGING VAN AANDEELHOUDING IN KLEIN KAROO EDMS BPK

5.1 Enige kredietbedrag op die kaart sal in sodanige geval hanteer word soos bepaal in klousule 2.5 hierbo. Die beperking van R1 000 (een duisend rand) sal nie van toepassing wees nie.

SESSIE

6.1 'n Kaarthouer mag nie enige regte en/of verpligtinge onder hierdie ooreenkoms sedeer nie.

BEVESTIGING DEUR LID

7.1 'n Lid, deurdat hy/sy hom/haar skriftelik verbind het tot deelname aan die Lojaliteitsprogram, bevestig dat-
7.1.1 deelname aan die Lojaliteitsprogam uit vrye keuse is
7.1.2 die regte en verpligtinge wat aan die lid verleen en opgelê word ingevolge hierdie bepalings en voorwaardes gelees, verstaan en aanvaar is
7.1.3 die gebruik van sy/haar persoonlike inligting onderworpe is aan Klein Karoo Agri (Edms) Bpk se beleid op persoonlike inligting (soos opgedateer van tyd tot tyd), welke beleid beskikbaar is op aanvraag.
7.1.4 die bepalings en voorwaardes in die toekoms gewysig mag word.

Die aansoekvorm is onderteken deur die deelnemer te …… (plek), op …… dag van ……(maand) 20……..

…….. ……..

VOLLE NAAM EN VAN HANDTEKENING